ENGELSE SKOUKLASSE ALGEMENE INLIGTING

SHOW RIDING

Beoordelaars kyk vir 'n mooi perd met fyn, dressuur-agtige beweging. Die perd moet vorm kan hou en elegant lyk. Alle perde draf saam in die arena in en luister vir die beoordelaar se opdragte. Die beoordelaar sal vra dat hulle stap, draf en galopop albei kante wys voor almal in 'n ry staan en wag om hul individuele toets te ry. Die beoordelaar kies die volgorde van wie se toets hy eerste wil sien. Elke vertoner ry 'n toets wat hul self beplan om met die beste aspekte van hul perd te spog. In die Novice Show Riding toets moet ruiters draf en galopaan albei kante wys, en in die Ope klas kan hand-galopen "reinback" gevra word. Ruiters eindig hul toets met 'n stop en saluut aan die beoordelaar.

SHOW HACK

Beoordelaars kyk vir 'n gehoorsame perd wat na die ruiter luister. Die beoordelaar moet dink, "Jisso, ek sal dit baie geniet om dáárdie perd 'n Sondag uitstappie te ry!" Alle perde draf saam in die arena in en luister vir die beoordelaar se opdragte. Die beoordelaar sal vra dat hulle stap, draf en galopop albei kante wys voor almal in 'n ry staan en wag om hul individuele toets te ry. Die beoordelaar kies die volgorde van wie se toets hy eerste wil sien. Elke vertoner ry 'n toets wat hul self beplan om te spog met hoe gehoorsaam sy perd is. In die Newcomers Show Hack toets moet ruiters draf en galopaan albei kante wys en hy kan op 'n kreatiewe manier wys hoe gehoorsaam sy perd is, byvoorbeeld hy kan wys dat sy perd vanuit 'n galop kan stop. Ruiters eindig hul toets met 'n stop en saluut aan die beoordelaar.

SHOW HUNTER

Beoordelaars kyk vir 'n vurige perd wat groot gebou is met sterk bene. Die Hunter perd kan maar warm wees, maar moet gehoorsaam en in beheer wees. Alle perde draf saam in die arena in en luister vir die beoordelaar se opdragte. Die beoordelaar sal vra dat hulle stap, draf en galopop albei kante wys voor almal in 'n ry staan en wag om hul individuele toets te ry. Die beoordelaar kies die volgorde van wie se toets hy eerste wil sien. Elke vertoner ry 'n toets wat hul self beplan om te spog met sy perd se Hunter kwaliteite. In die Newcomers Show Hunter moet ruiters draf en galopaan albei kante wys, asook 'n hand galopgevolg deur draf, dan stop en saluut aan die beoordelaar.

UTILITY HORSE

Beoordelaars kyk vir 'n perd wat gehoorsaam is en alles kan doen. Vertoners ry op hul beurt 'n toets van hindernisse wat deur die beoordelaars opgestel word. Hindernisse kan enigiets insluit van vlegpale, hekke oopmaak, stap / draf

pale, spronge, stap deur seile, op en af klim, ruiter kan iets dra, ens. Vertoners word beoordeel op hoe netjies en gehoorsaam hul perde die hindernisse voltooi.